Supersoja se wenners vaar puik

Deur CHARL VAN ROOYEN

Puik opbrengste is behaal op die afgelope seisoen se deelnemers aan die super soja-verbouingskompetisie wat in KwaZulu-Natal gehou is.

In die noordelike produksiegebied het Mnr. Gerhard Keeve van Vryheid die hoogste opbrengs van 4,3 ton/ha op droëland gehad, gevolg deur Tshirpig Farming, ook van Vryheid. Mnr. Ralf Küsel van Lüneburg het die hoogste bruto marge onder droëland (R11 199/ha) behaal, met Keeve die naaswenner.

In die suidelike gebied het mnr. Andrew Fyvie van Bergville ál die pryse ingepalm. Hy was eerste (4,8 ton/ha) en tweede met die hoogste opbrengs onder droëland en het ook die hoogste (R13 250/ha) en naashoogste bruto marge behaal.

Onder besproeiing het Mnr. Kon Boettiger van Winterton vir die hoogste opbrengs (4,9 ton/ha) gesorg, met Mnr. Günther Muhl van Bloedrivier tweede. Küsel het die hoogste bruto marge (R14 964/ha) behaal, terwyl Boettiger tweede was. Boettiger se sojabone het die hoogste proteïeninhoud (42,2%) gehad.

Die doel van die kompetisie, wat reeds 22 jaar lank gehou word, is om sojaboonproduksie in KwaZulu-Natal se bevorder, winsgewendheid en proteïengehalte te verbeter, presisieboerdery te bevorder en boere oor die beste verbouingsmetodes in te lig.

Die opbrengste vir die 2010/’11-seisoen het 1,92 ton/ha tot 4,86 ton/ha beloop. Onder droëland was die gemiddelde opbrengs 3,33 ton/ha en onder besproeiing gemiddeld 4,04 ton/ha.

Landbouweekblad, 23 September 2011, Bladsy 93